

# *Qua Vadis?*

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

**NR. 236**

(Geen datum)

## **Die gebedslewe van God se kind**

\* \* \* \* \*

"Die gebed van 'n gelowige het 'n kragtige uitwerking."

(Jak. 5:16)

"U het my gebed verhoor."

(Psalm 22:22)

# Is daar onverhoorde gebede?

Wonder jy ook of God jou gebede verhoor?

Kry jy ook soms daardie gevoel dat God so ver weg is?

Die digter van Psalm 22 het ook aanvanklik gevoel dat hy geen antwoord van God kry nie. Hy vra dan: "My God, my God, waarom het U my verlaat en bly U ver as ek om hulp roep?" (Psalm 22:2).

Hy het nie ophou bid nie en tog het hy nie antwoord gekry nie . . . só meen hy.

Nogtans het hy bly bid totdat hy kon uitroep: "U het my gebed verhoor!" (Psalm 22:22b).

- Hy het aanhou bid, want hy het God leer ken as verhoorder van gebede.
- O, as ons maar net wil aanhou bid selfs as ons moeg geraak het.

Hoekom verhoor God gebede? Psalm 107 antwoord in vers 1: "Die Here is goed en aan sy liefde is daar geen einde nie." Die res van die Psalm noem dan besondere voorbeelde van waar die Here mense, wat in gebed tot Hom geroep het, verlos het.

Nou mag u miskien vir uself sê:

"Dit sal nie met my gebeur nie. Ek het dan die pad van die Here verlaat.

Hoe kan Hy nog na my luister?" Dan het u nog nie rekening gehou met die Here se liefde sonder einde nie. Want in verse 10 - 13 van Psalm 107 leer ons wie se gebede verhoor is.

Dit was mense in diep duisternis, in ellende omdat hulle hul teen die bevele van God verset het. "Hulle het die leiding van die Allerhoogste in die wind geslaan". Maar dan lees ons in vers 13: "Maar in hulle nood het hulle na die Here geroep om hulp, en Hy het hulle bevry van hulle ellende."

As ons aanhou bid sal God ons verhoor. God, wat die oor geskep het, kan elke gebed hoor. Die Here Jesus belowe ook dat gebede verhoor word:

"Vra, en vir julle sal gegee word; soek, en julle sal kry; klop, en vir julle sal oopgemaak word." Matteus 7:7.

Dit beteken natuurlik nie dat God vir ons dinge sal gee net omdat ons dit gevra het nie. Ons vra as sondaars dinge wat nie vir ons goed is nie. Daarom moet ons nie kwaad wees as God nie gee wat ons vra nie. Hy moet dikwels "nee" antwoord op ons gebede. Soos 'n aardse pa weet om goeie dinge vir sy kinders te gee, sal God des te meer as hemelse Vader goeie gawes gee. (Matteus 7:11).

Ons gebed word so vol betekenis as ons op Christus, die verpersoonliking van God se liefde, vertrou.

Elkeen wat in Christus glo, word kind van die hemelse Vader.

Die Vader weet om die goeie gawes aan sy kinders te gee as hulle vra.

**Ds. Pieter Odendaal.**

# God hoor alle gebede, maar verhoor Hy my gebed?

Voel dit partykeer vir u dat God nie u gebed verhoor het nie? OF is dit miskien dat u dink u bid verniet, en God verhoor u nooit?

So baie mense sê dat indien u nie gebedsverhoring ontvang nie, u geloof te swak is of dat u nie met oorgawe gebid het nie.

Dit is nie waar nie.

God is almagtig, alwys en alomteenwoordig. Hy hoor dus elke gebed. Of u nou in oorgawe bid of nie. Die belangrike is of God u gebed verhoor of nie.

Wanneer God u gebed verhoor dan sê ons God het geluister na my gebed, maar wanneer ons geen reaksie ontvang nie, dan is ons geneig om te sê dat God ons nie verhoor het nie, asof God glad nie ons gebed gehoor het nie.

Ons vergeet so maklik dat God ook NEE kan sê op 'n gebed. U kan vra . . . maar sal God nie sê op 'n gebed?

- Ja beslis, God kan ook ons versoeke weier.

Kom ons kyk of ons voorbeelde kan kry. Die beste is seker toe ons Here Jesus in die tuin van Getsemane gebid het dat die beker by Hom moet verby gaan en dit nie gebeur het nie.

- Maar God sê ook JA op ons gebede.

Laat ons weer 'n voorbeeld soek. Dink hier aan Hanna wat gebid het om 'n seun en God het haar verhoor en Samuel is gebore. Geagte vriend, u sal nou tereg vra . . . Wanneer verhoor God 'n gebed? Dit is nie 'n maklike vraag nie.

Daar is 'n paar dinge wat ons eers in gedagte moet hou alvorens ons die vraag kan beantwoord.

- God is in Sy almag absoluut soewerein, en daarom kan God self besluit wanneer Hy 'n gebed wil verhoor of nie.
- Ons kan dus nie reëls maak vir God wanneer Hy 'n gebed MOET verhoor of wanneer Hy NIE 'n gebed moet/sal verhoor nie.
  - Om dus te sê dat ons geloof te swak is en dit die rede is waarom ons gebede nie verhoor word nie, is totaal en al onwaar.
- God is ook alwetend en Hy weet wat goed is vir ons, ook wat nie goed vir ons is nie. Daarom sal God mos self besluit of Hy nou hierdie versoek gaan toestaan of nie.

God weet ook in sy almag wat ons nodig het lank voor ons daarvoor gevra het. Daarom sal God mos nie vir ons iets gee as ons dit nie werklik nodig het nie, selfs al dink ons dat ons dit regtig nodig het.

Die antwoord op u vraag is:

**GOD VERHOOR 'N GEBED SLEGS UIT VRYE GENADE**

'n Gebed wat vir God welgevallig is, is 'n gebed wat gebid word.....

- IN DIE GELOOF (Matt 2:22)
- MET VRYMOEDIGHEID (Hebr. 10:22)

- MET OOTMOED (Gen. 32:10)
- MET ONDERWERPING (Luk. 22:42)
- MET VOLHARDING (Ps. 116:2)
- MET DANKBAARHEID (Ps. 116:17)

Gebedsverhoring is 'n genade van God.

U en ek moet nog steeds bly bid, en bid sonder ophou.

**GOD HOOR EN VERHOOR U GEBED!!!**

**Ds. Leo van Schaik.**

# Reaksie op gebedsverhoring

As 'n mens iets vra — en in besonder dringend daarvoor gepleit het — en jy ontvang dit . . .

- dan kan jy maar net DANKIE sê, nie waar nie?
- dan borrel dit in jou gemoed van diepe dankbaarheid!

En nou hoor God en verhoor God só baie van jou gebede, ja, selfs al besef jy dit dalk nie eers nie.

God verhoor baie gebede — selfs die eenvoudigste noodgebed of skietgebedjie. Nou is die vraag: is jy God daarvoor dankbaar? En toon jou lewe dat jy bly is?

In Psalm 22 vers 22 sê Dawid: "U het my gebed verhoor." En dan volg sy reaksie daarop (vers 23 en 24). Dit is 'n reaksie met drie "bene":

- Dawid wil God prys . . . hy wil lofsing tot die eer van die Here. Dit bruis in sy gemoed — hoe dankbaar is hy nie? En 'n dankbare mens sing en jubel, dans en huppel, want ag . . . dis darem so heerlik om dankbaar te wees.
- Verder wil Dawid op die verhoring van sy gebed oor God getuig . . . Hy wil met ander woorde vir almal van die Here vertel — van die daede van God vertel. Hy kan nie stilbly nie, nee, hoe kan 'n dankbare mens stilbly? Inteendeel, jy loop en verkondig aan almal hoe bly en dankbaar jy is!
- Derdens wil Dawid, na die verhoring van sy gebed, die Here dien. As God — so groot in heerlikheid en majesteit, aan 'n klein en nietige sondaarmens verhoring van gebed skenk, dan wil jy en moet jy die Here dien!

Nou wil ek jou vra:

Is dit hoe jy reageer as God jou gebede verhoor?

Of aanvaar ons te maklik dat God vanselfsprekend sal en moet verhoor?

Die feit dat ons lewe . . . dat ons elke dag die son kan sien skyn . . . dat ons gesond en vol lewenskrag is . . . ja, al God se gawes oor ons uitgestort . . . dit moet, soos by Dawid in Psalm 22, ook ons dryf en dring tot . . .

- DANKBAARHEID . . .
- GETUIENIS . . .
- DIENS AAN GOD!

Is dit ook so in jou lewe?

**Ds. Nico Ligthelm.**

# In benoudheid - waarom bid?

Jy was tog seker ook al dikwels in jou lewe bang? Bang —

- vir die dood
- vir die operasie
- vir die uitslag van die toetse dat dit kanker kan wees
- vir die toekoms?

Het jy al geluister wat mense doen as die nood op die hoogste is?

Mense — selfs ook die ongelowiges — roep tot God.

- Nood leer mos bid, nie waar nie?

Nou — waarom roep die ongelowige tot God?

Kyk, hy weet dat God bestaan. Die duiwel weet dit ook mos. Die waarheid is egter: Die ongelowige ken God nie en hy glo ook nie in Hom nie. Hy roep net tot God omdat hy bang is en vir geen ander rede nie. 'n Moordenaar is besig om te sterf en hy is bang vir die dood. In sy nood praat hy dan ook met Christus. "As U die Christus is, verlos Uself en ons" (Luk 23:39). Hy praat met Jesus sonder dat hy Hom werklik ken en sonder dat hy in Hom glo. Daarom, toe hy met Jesus praat, het hy Hom gelaster.

Waarom roep die gelowige tot God?

Ag, dis mos nou voor die hand liggend. Hy doen dit omdat hy God ken en in Hom glo. Daar is nog 'n moordenaar wat besig is om te sterf. In sy benoudheid praat ook hy met Christus. "Dink aan my, Here, wanneer U in U koninkryk kom (Luk 23:42). Hierdie moordenaar ken Jesus as die Seun van die lewende God. Hy glo dat Jesus die Messias is, die Verlosser wat die sondes van sondaars kom betaal het.

Koning Dawid was ook dikwels in sy lewe beangs en benoud.

- Alleen in die nag te midde van baie gevare moes hy die skape oppas.
- Hy moes vlug vir sy lewe — sy seun Absalom wou hom doodmaak. Wanneer Dawid bang was, het hy tot die Here geroep.

In sy nood bid hy.

Hy doen dit omdat hy God ken.

En luister mooi wat Dawid in Psalm 28 sê oor hoe hy vir God ken:

- Hy is die HERE (vers 1).
- Hy is die troue Verbondsgod. Hy hou sy woord. Hy doen wat Hy sê, Hy is die God op wie jy kan vertrou.
- Hy is "my Rots" (vers 1).
- Rots — beeld van vastigheid en onbeweeglikheid. Hy gee aan jou lewe vastigheid. By Hom kry jy sekuriteit.
- "Die HERE is my sterkte en my skild" (vers 7). Hy gee aan jou die krag om te kan lewe. Om te midde van beproewinge te kan uithou en te kan aanhou. Hy is jou Beskermer.
- Hy is "vir julle 'n Herder" (vers 9).
- Hy versorg jou, dra jou op, pas jou op, laat jou rus, versterk jou.
- Hy hoor jou smekinge (vers 6).
- Hy hou Hom nie doof vir jou smekinge nie. Hy hoor as jy tot Hom roep.

Ken jy God so?

Maar ek wil nog 'n skerper vraag vir jou vra: Glo jy ook in Hom?

**Ds. Fanie Grobler.**

# Die gebed om God se weg te ken

'n Verdwaalde mens is 'n hopelose mens; hy soek die regte pad, maar vind dit nie.

'n Mens kan op baie maniere verdwaal:

- Jy kan letterlik in 'n groot stad verdwaal en nie weer die pad terug vind nie.
- Jy kan egter ook die pad byster raak deur eensaamheid, ellende en bekommernisse. Die spanning en gejaagdheid van vandag is soos vyande wat vir ons loer en wat inderdaad baie mense laat verdwaal.

Dawid, die Psalmidigter van Psalm 25, het ook die pad gesoek in sy eensaamheid, ellende en benoudheid. Vanweë die felle haat van baie vyande het hy byna koers verloor, maar vol vertroue bid hy tot God:

"Here maak my u weë bekend, leer my u paaie."

Miskien voel jy so ver weggedwaal dat jy nie soos 'n Dawid die Here kan aanroep nie. Luister egter mooi hoe Dawid hierdie gebed bid.

- Hy kom nie in hoogmoed nie, nie as 'n koning na die Here nie.
- Inteendeel, kom hy in diepe ootmoed, deurdring van 'n diepe skuldbesef van al sy sondes van sy jeug af.
- Hy kom egter ook met volle vrymoedigheid met die volle besef van die Here se onverganklike liefde en trou selfs vir 'n sondaar soos hy.

Ja, ook sondaars soos ek en jy moet weet en besef dat die Here goed en regverdig is, daarom wys Hy selfs vir sondaars die pad aan. Die voorsiening wat die Here hiervoor maak lyk vir baie mense so onaanvaarbaar. Die feit dat God sy Eniggebore Seun gegee het om in ons plek aan die kruis op Golgota te sterf is vandag nog vir baie mense, moontlik ook vir jou, 'n struikelblok en 'n dwaasheid.

Jy word nou geroep om jou met ootmoed tot God te wend en ook te bid: "Here, maak my u weë bekend". Wanneer God deur die Heilige Gees jou oë oopmaak sal jy ontdek dat die kruis van Christus die krag van die wysheid van God is.

Jesus alleen is die weg, die waarheid en die lewe.

Niemand sal die pad na die hemelse Vader vind behalwe deur Hom nie.

As jy jou in nederigheid voor God verootmoedig, sal Hy die weg vir jou bekend maak. En as jy Jesus Christus ken en bely as die Weg sal jy nie meer 'n verdwaalde mens wees nie. Dit is ook Hy wat jou leer om te bid:

"Lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose, want aan U behoort die koninkryk, die krag en die heerlijkheid tot in ewigheid. Amen".

**Ds. Sarel Cilliers.**